

# Sewe geeste

## Die sewe geeste en die gevolge.

Sewe geeste wat die mens verantwoordelik hou rondom Wetsoortreding is:

- 1) Die gees van die lewe, waarmee die mens se hoofdoel is om te skep of om voort te bring.
- 2) Die gees van sig, waarmee begeertes na vore kom.
- 3) Die gees van gehoor, waarmee onderwys ontvang word.
- 4) Die gees van reuk, waardeur proe gegee word deur lig in te asem.
- 5) Die gees van spraak, waarmee wysheid gegee of bekom word.
- 6) Die gees van proe, waarmee eet en drink toetree en daardeur die mens se krag laat opbou of afbreek.
- 7) Die gees van verwekker (*seks*), waardeur lewe verwerk word en so ook wetsoortreding deur vals liefde en plesier.
- 8) 'n Agste gees, dit is die gees van slaap, waardeur diep slaap kom.

### Die versoekinge

- 1) Die gees van die LEWE word eerste versoek deur owerspel. Die opdrag aan die mens was: “gaan en vermeerder” maar deur wetteloosheid kom begeertes en owerspel. Dit neem plek in tussen die ander sintuie.
- 2) Die SIG gees word versoek met alles wat die oog begeer. Dit wek kranksinnige begeertes, veral as dit jou nie toekom nie. Die stoor en vergaderplek van kranksinnigheid is in die maag.
- 3) Die gees van GEHOOR rebelleer teen onderwys en opvoeding. Dit word versoek om eerder gewelddadig te word en veg teen orde. Die stoor en vergaderplek is in die lewer en in die gal.
- 4) Die gees van REUK word versoek deur foppery. Dit verly 'n man dat hy kruiperig word en dat hy nou moet leer om 'n goeie indruk te skep. Die stoor en vergaderplek is in die hart.
- 5) Die gees van SPRAAK word versoek in arrogansie; om homself 'n hupstoot te gee in sy eie opinie.
- 6) Die gees van PROE word versoek oor dinge wat hy uitgevind het en dan in afguns dinge wegsteek en verberg vir sy familie.
- 7) Die gees van (geslagsgemeenskap) VERWEKKER wat versoek word in ongeregtigheid, dit gaan gepaard met diefstal en verkragting. Dit gaan oor homself tevrede te stel en in sy natuurlike liefde en plesier; gewoonlik in ongeregtigheid (“*gee en neem*”). Dit laat 'n jongman blindelings gelei word na 'n diep pit of 'n baie hoë afgrond. Die sewende is laaste in die orde van skepping, maar eerste in die begeertes van 'n jongmans lewe, omdat dit die waarheid besit. Ongemerkt word dit gedoen en onwetend die gevolge daarvan.
- 8) Daar is ook 'n SLAAP gees wat 'n spieëlbeelde van die natuurlike en die bonatuurlike is. Dit beweeg in die vlak van die dode wat met mekaar dwaal. Die gees vat van die ander geeste en lei (verlei) hulle in die slaap gees wêreld in wat dwaling, fantasie en verwarring na vore bring.

### Waarskuwings

‘n Pa se leringe en onderrigting in sy seun oor YAH se Wette “van reg en geregtigheid na waarheid” is weg van duisternis en wetteloosheid (*So ook ‘n ma se onderrig*). Daarom: Bewaar jouself teen die gees van “sig” (*jaloesie*), want deur die gees laat jy kwaad intree wat jou siel verwoes en jou hele liggaam vergiftig. Dit veroorsaak boosheid en neem die gedagtes oor, dit verswak jou natuurlike geheue vermoë en verlam jou intelligensie (*Dit is in die bloed*). Depressiwiteit kom in en krap jou siel so om dat jou liggaam bewe. Deur ‘sig” kom jaloesie, neem jou slaap van jou af weg. Indien jy kan slaap neem geweld, moord en doodslag oor om die jaloesie saak op te los. Wanneer jy dan weer wakker skrik is jy in onrus en sien ander manne ook as dreigemente. Min besef dat jaloesie aan YAH behoort, en nie aan die mens nie, want ons as mens is te nietig om jaloesie te kan hanteer. Vra YAH dat kwaad word nie sy intrek in jou sal kry nie, want daardeur kom ‘n oormaat van wetsoortreding in jou as mens. Dit vernietig jou siening en stig sy “eie” binne jou liggaam en heers oor jou siel; veral omrede jy in ‘n heersende posisie is, misbruik die duiwel jou heersende kragte.

Ha satan werk deur andere wat met jou saamstem; hy help jou om twee maal sterker te wees, ja selfs bo jou normale krag. Ha satan misbruik al jou sintuie om die kwaad te geregverdig. Hy bring valshede in om kwaad aan te blaas. Alle wetsoortreding begin by Ha satan, want hy was eerste afgunstig in die tuin van Eden.

**Eerstens** gebruik Ha satan sy afguns om alles wat aan YAH behoort af te breek; **Tweedens** verdruk hy YAH se skepsels; **Derdens** plaas hy hulle in ballingskap; **Vierdens** verlei hy vroue (*‘n vrou is die deur vir YAH se bevel*); **Vyfdens** wek hy oproerigheid dat jy moet rebelleer teen YAH se Wette; **Sesde** saai hy net verwoesting waar hy ook al kom, en dit is reg oor die aarde.

#### Nou:

Bly rein in jou gedagtes en bewaar jou instink teen elke vrou. Moenie aan ‘n vrou se gesig en liggaam aandag gee nie, want dit skep ‘n afgodsbeeld in jou gedagte-wêreld. Moenie verval raak oor haar mooi nie en moet nooit alleen met ‘n ander man se vrou wees nie. Bly weg van vroue geselskap en so ook van ‘n vrou se doen en late.

Vroue moet oppas, want hulle verval makliker in hoerery as wat manne doen en daarom gebruik Ha satan hulle (*Kom ek stel dit ook so dat ‘n vrou beklad en vuil bly as ‘n hoer teenoor ‘n man wat net weg kan stap*). Ha satan beraam strikke in hulle harte om in sy doel te slaag. Hy beïnvloed vroue om ‘n valse gedagte-wêreld vir die man te skep. Hulle veroorsaak dat die man se siel opbreek en weg skei van YAH (*Boos is die vrou vir die man met sulke gedagtes.*)

Krag en sterkte besit hulle nie en daarom verlei hulle die man om: Eerstens in sy gedagtewêreld in te kom; Tweedens gebruik hulle hul voorkoms om die gif in hom te plaas sodat hulle die man kan manipuleer. Onthou Ha satan kan nie in sy doel slaag as hy nie die vrou gebruik / misbruik nie.

Bly weg van vroue en oormaat drank, want dit skeur jou koningskap met sy glorie van jou af weg en dit vat die krag van 'n vegter weg. Drank en vroue vat selfs die bietjie wat die bedelaar besit weg. Die gees van die lewe wat eerste is, is gekoppel aan YAH deur die gees van verwekker wat laaste is.

Julle wat die sout van die aarde is behoort aan YAH, want Hy het Sy Gees in die mens (*net in Adam*) geblaas, alhoewel Hy nog gees oorgehad het. YAH het vir VADER 'n geslag daar gestel waarvan die duisternis hulle altyd sal versoek (kinders van die Lig). Hou dan dit ingedagte dat julle wat VADER se Gees besit wel in dié Waarheid is. Baie wil VADER se Gees bekom, maar hulle kan dit nie besit nie, want jy moet 'n biologies gebore wees daarin. Daarom wees nie ontrou in die waarheid nie, want in jou is Sy Gees. Bowe al die dinge, streef na die waarhede en jy sal lewe. Wees eenvoudig in jou hart en streef na VADER. Werk hart en leer die dinge wat saak maak. YAHUSHA sal voorsien om vir jou 'n vrou te kies, en om Sy geslag te verseker (Mal.2:15). Onthou YAH gaan luister na wat die sewe geeste oor jou gaan uitspreek, daarom vertrou op Hom "*Wat was en wat weer gaan kom*". As jy toelaat sal YAH jou paaie vir jou gelyk maak.

-----  
 Bedink dit.  
 -----

#### Die siel se vereniging met die gees

Die huis van die siel en gees is die vlees (*liggaam*) en daarsonder is dit nie mens nie. Die vlees is gevul met bloed wat deur die hart gaan en versprei na die hele liggaam. Die vlees huisves die bloed, m.a.w. die vlees huisves die vleeslike en die geestelike. Die bloed is verbind met die siel. (Lev.17:14) So alle vlees het 'n afsonderlike siel waarvan die bloed nooit geëet, drink of geskenk mag word weens die verbintenis nie (*Buiten jou gesin*). Die okkultiste dink hulle verstaan dit ook so, daarom gebruik hulle bloed op al hulle rituele. Lev.17:11 sê dat bloed bewerk versoening deur die siel (*Die siel van 'n diere word geoffer vir 'n mens*). So daar moet telkemaal 'n herstelling plaasvind sodat daar 'n verbinding of kontak sal kan wees tussen Skepper en skepsel. Die siel werk met die sewe geeste (sintuie) van VADER. In Klaag. 3:20-25 kan die siel praat, sien, voel en ontvang opdragte wat gehoorsaam moet word. In Jer.39:18; 45:5 word die siel vir ons gegee as eiendom. Ons sien ook dat die siel die vlees verlaat (1 Kon. 17:21) of terug kan keer; M.a.w. die siel is beweeglik en kan 'n keuse (*besluit*) maak. Die siel se doen en late neem die vlees in totaal oor en manipuleer dit om te doen wat die siel begeer (*eet, drink, slaap, ens.*).

Nou die gees wat ook woonagtig is in die vlees het sy eie behoeftes wat die teenoorgestelde is van die siel.

Die gees is soekend (Jes. 26:9). Die gees het nie vlees en bene nie (Luk. 24:39). Gees skenk lewe vir die siel wat deur hom lewe in die vlees. In Joh. 6:63 staan: *Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie*;...Die gees lê in die hart latent en wag vir die siel wat in die bloed is.

Die Gees van VADER het ons ontvang by YAH wat deur Adam gaan (Mal. 2:15). M.a.w. ons as die uitverkore bloedlyn is almal deelagtig aan een Gees wat aan VADER behoort (Familie). So binne-in die liggaam "huis" (vlees) moet 'n verbintenis plaasvind waar die siel met begeerte na die gees moet gaan Klaag. 3:20. Die siel moet buig voor die Gees en hom onderdanig wees.

### Ter opsomming:

Die siel is in die bloed sonder geestelike sig, gehoor, reuk, spraak of gevoel, maar tog ontvang die siel al die informasie van hulle om die liggaam te bevredig. In onkunde is dit werkzaam in die duister en het 'n behoefte aan Lig, wat die Gees is (Joh. 20:22 asem). (*Duisternis het 'n plek en lig het 'n weg. Donkerte is slegs die afwesigheid van lig waarvan 'n ligstraal, in die wêreld van donkerte, kan inbreek en dit verlig. Duisternis is 'n term om te sê dat daar geen lig teenwoordig is*) (Joh. 5.35; 2 Pet.1:2-19; Matt.5:15; Mar.4:21; Luk.11:31).

In Gen.6:3 staan dat VADER se Gees net 120 jaar vir die mens sal stry; Hoor julle die voorreg wat ons het "dié Gees van VADER heers binne-in die wat dit toelaat (*graag wil hê*). Die betekenis is vanaf Henog (666j v.s.) sal daar net 120 jubel jare wees op aarde wat beteken:  $120 \times 50 + 666 = 6666$  jaar.

As priester oor jou mense (*huis gesin*) moet jy die kroon van geregtigheid opsit, die borsstuk van intelligensie, die mantel van dié waarheid, die versiering van geloof, die tulband van 'n wegwysers, en die skouerkleed van voorspelling. Doen goed sodat jy eendag jou geskenk sal ontvang, en dit is die ewige lewe. Gee aan VADER Sy tiende, sodat Hy jou uit Sy skat huis vir jou kan gee.

YAH moet jou leefwyse wees, Hy moet by jou in die weiveld wees, Hy moet jou deel maak van Sy wingerd, Hy moet jou vrug kan sien, Hy moet Sy goud en silwer in jou raak kan sien. VADER sal jou wysheid en verstand gee. Ons as die uitverkore besit een Gees wat ons gemeenskaplik besit en dit behoort aan dié VADER; elkeen besit wel sy eie siel, gegee deur HOM, Jer. 45:5. Die tempel waar die sewe geeste in lewe, en waarvan hulle verbind is met die siel moet gehoorsaam wees sodat die gawes van die Gees van VADER kan intree. (*Onthou die geboorte van bo is eers in die 1000 jaar van vrede*) Hand. 2:38

Bedink dit